

Skriflesing: Markus 13: 33-37Teks: **Markus 13:37****Sing- VOORAF SANG: Sb 1-1 (24): 1,7****TYDENS DIENS: Ps. 123:1,2; Ps. 65:1,2 SB. 18-7 (45): 1,3,12****Markus 13: 33-37****Mar 13:33** Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.**Mar 13:34** Dit is soos 'n man wat op reis is, wat sy huis agtergelaat en sy diensknegte volmag gegee het, en vir elkeen sy werk, en aan die deurwagter bevel gegee het om te waak.**Mar 13:35** Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie;**Mar 13:36** dat hy nie miskien skielik kom en julle aan die slaap vind nie.**Mar 13:37** En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!**Skriflesing:** Markus 13: 33-37Teks: **Markus 13:37****Sing- Sb 1-1 (24):1,7; Sb. 18-7 (45):1,3,12**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, hoe kyk ons na die toekoms? Kyk ons die toekoms in met oë en harte wat eintlik nie die toekoms wat voor ons lê wil inkyk nie. Ons is bang en onseker, dit lyk maar vir ons donker. Is dit hoe ons na die toekoms moet kyk of is daar vir die gelowige nie 'n heel ander manier om die toekoms wat wel in baie opsigte onbekend en onseker mag wees wel heel anders voor oë te hou nie?! Vir sommige lyk die toekoms na 'n wêreldnag, dis so donker, hulle wil eintlik nie eers meer daarvoor dink nie, wat nog te sê daarvoor praat.

Vir ons wat nou gekom het aan die einde van hierdie reeks uit die Profetiese Rede, wat op baie maniere Jesus oor die toekoms hoor praat het, wat doen hierdie Profetiese Rede aan jou as ons nou hier aan die einde van Jesus se rede oor ons toekoms, ons kinders se toekoms, die Kerk se toekoms, die wêreld se toekoms, my gesindheid en gedagtes moet saamvat. Sien ek dis nag of verwag ek eintlik heeltemal iets anders wat nie nag gaan wees nie, wel 'n besondere dag. In die Ou Testament word daar alreeds so baie oor die dag van die Here gepraat. Daarom mag die toekoms nie vir ons donker lyk nie, maar moet ons elke keer weer aan die toekoms dink, in hoe Jesus dit geprofeteer het.

Ek moet elke dag só die toekoms wil ingaan asof dit vandag die laaste dag kan wees. Ons sien die toekoms dan nie as 'n wêreldnag nie, maar as die dagbreek van 'n nuwe môre wat ons baie opgewonde moet maak, al is daar baie swaar dinge wat ook op ons pad kan kom. Laat ons vandag die Profetiese Rede se einde met die volgende drie gedagtes, dalk ook besondere vrae na ons kant bring. Eerstens, hoe moet ek die huidige tekens en tye wat ons nou beleef en mag sien aan die toekoms verbind. In die tweede plek - hoe moet ek die onbekende van die toekoms sien

en hanteer. Laastens, is dit regtig alles onbekend of is daar ook dit wat waarlik bekend moet wees. Eerste dan -

Hoe moet ek die huidige tekens en tye wat ons nou beleef en mag sien aan die toekoms verbind?

Ons moet beslis die dissipels se vraag heel aan die begin weer na vore bring, want hulle het oor die toekoms groot verwagtinge gehad maar dit heeltetal verkeerd vertolk. Hulle het Jesus goed gehoor toe Hy gesê het, die diepste kern van die Jood se geloof en godsdiens, alles saamgetrek in die indrukwekkende tempel gaan alles tot die grond toe afgebreek word. Die Jode wat op die punt gestaan het om die mees indrukwekkende wat ons nog ooit van God kon ontvang, tot die grond toe af te breek. Hulle was bereid om God se grootste geskenk nog ooit aan hierdie wêreld, sy eie Seun, daardie week nog te kruisig. Dinsdag profeteer Jesus nog, Vrydag kruisig hulle Hom!

As die dissipels hoor dat Jesus praat van die einde van die tempel, daar sal geen klip meer op die ander oorbly nie, alles sal afgebreek word, dan is hulle nie alleen verslae en geskok nie, maar ook só onseker en só verkeerd in hoe hulle Jesus verstaan het. Hulle hoor baie duidelik die tempel gaan tot niet gaan, maar dadelik is ons as mense eintlik baie verwaand, ja verwaandheid speel altyd so 'n groot rol by ons as mense. Die dissipels verbind die einde van tempel heel gemaklik en heel vinnig aan die einde van die wêreld. Hulle gaan nog verder en beskou die tempeleinde en die wêreldeinde wat hulle onmiddellik op een vlak plaas dadelik ook as teken van Jesus se finale koms.

Dit is asof ons dan verder dwarsdeur die Profetiese Rede deel vir deel, toneel vir toneel, ja bedryf vir bedryf, is Jesus eintlik besig om dinge wat mense heeltetal verkeerd kan verstaan, dit verkeerd toepas, heeltetal verkeerde verwagtinge daarin te koppel, eers al die dinge wat ons so verkeerd kan vertolk op die regte plekke en regte verwagtinge daaraan te koppel. Daarom al vra die dissipels 'n *tydsvraag*, wanneer sal hierdie dinge wees, ook vra hulle 'n *tekenvraag*, wat sal die tekens van die voleinding en van u wederkoms wees, laat Jesus deel vir deel, wel tekens en tye na vore kom, maar nie op die manier hoe hulle hierdie tekens en tye aan hulle toekoms wou verbind nie. Dit is baie meer uitgebreide tekens en tye as wat enige mens kon verwag, dit lê ook op verskillende vlakke. Dis wel tekens en tye wat ons meevoer. Die dinge waarin ons

meegevoer gaan word, dis nie dinge wat ek dink, ek kyk maar net daarna, dit word eintlik 'n opvoering vir my, alles behalwe. Dis dinge wat jou en my gaan meesleur ... hard en swaar soos dit mag wees.

In werklikheid wil die mens so graag oor ons toekoms praat en wat ons kan verwag terwyl ons moet besef ons het te make met God se toekoms en wat God met Sy toekoms ook met my en jou wil maak en gaan maak. Daarom mag dit nooit gaan oor wat is ons verwagtinge oor ons toekoms nie, maar vra veel eerder wat is God se verwagtinge oor jou, wat jy in alle geval uit jouself oor geen ander toekoms kan dink en praat as net die toekoms wat in alle opsigte aan God behoort nie. Die toekoms behoort nie aan die mens nie, maar aan God. Dit maak 'n baie groot verskil in hoe die dissipels gedink het en ook hoe baie mense vandag nog dink as hulle oor die toekoms dink en praat.

Onmiddellik besef ons, ons het nie alleen net met 'n klemverskuiwing te make as Jesus sy dissipels antwoord nie, maar eintlik gaan dit oor 'n mens verskuiwing. Ek moet heeltemal na ander gedagtes en 'n heel ander gesindheid en heeltemal 'n ander manier van dink en verwagtinge geskuif word, ook as ek die tekens en tye wat in ons tyd plaasvind aan die onmiddellike toekoms verbind. Die tekens en waarskuwings wat Jesus wel deurgaans noem is dinge wat heelyd met ons moet praat. Aardbewings, hongersnode, oorloë, peste, rampe ... 'n Aardbewing verskuif dinge, dit skud 'n wêreld uitmekaar, 'n pandemie verskuif dinge, dit laat 'n wêreldeconomie inmekaarval, droogtes bring groot skuiwe, nie net op die grond nie, maar ook in ons psige, in ons koppe.

Laat God nie al die skuiwe rondom ons gebeur dat ons 'n slag sal besef, die groot skuif moet eintlik binne my wees, nie net buite ons om nie?! Ek kan nie die toekoms soos 'n skouspel beskou, so indrukwekkend dit wat hierdie skouspel dan ook alles insluit. God sal nooit die wêreld in 'n skouspel wil laat ontaard en Sy kinders toelaat om ook maar toeskouers te wees asof die skouspel ook vir hulle gegee word om wel daarna te kyk, daaroor te praat, selfs te wil spekuleer maar asof ek nooit eintlik deel van dit alles sal word nie. Dan mislei jy jouself en dit was Jesus se waarskuwing van die begin af – *Pasop dat niemand julle mislei nie ...* Telkens dan waarsku Jesus teen hierdie gesindheid van ek kan maar van al die dinge kennis neem, maar dit

sal my nie regtig raak nie! Geliefdes, ons besef Jesus wys sy dissipels daarop julle toekoms, die onmiddellike toekoms wys 'n wêreld wat gaan brand, maar julle sal moet hardloop, sal moet vlug, sal moet bid, sal moet waak.

As God die Jode tot in hulle diepste wese straf, juis straf God hulle oor wat hulle oor sy Seun en oor sy genade hulleself mee vervloek het, toe hulle gesê het *laat Sy dood maar oor ons en ons kinders kom*. God laat Jerusalem so om en by 40 jaar na Jesus se hemelvaart in vlamme opgaan, ja as mense in daardie tyd sou sê Israel en ons Jerusalem en ons tempel het hel geword, dan klink dit erg om dit so te sê, maar dit was werklik hel! God het dit beslis nie meer beskou as Sy stad en Sy plek waar mense in besonder aan Hom verbind staan nie. God het die werklike Jerusalem hemel-toe geskuif, dit wat Paulus ook in sy oudste brief beskryf- Galasiërs 4:26- *Jerusalem daarbo is vry en dit is die moeder van ons almal*. Om dan ook nie van Openbaring 21 te vergeet nie! Die verbond het geskuif daarom het die mens wat aan God behoort moes skuif! Hulle moes vlug, hulle moes bid, hulle moes waak, ja die waak deel is waar ons vandag se Skrifdeel nog weer die besondere klem sien val.

Jesus het dit reg geprofeteer en Hy het dit waar geprofeteer toe Hy gesê het ... *hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat al hierdie dinge gebeur het nie* ... Maar dan besef ons dit was eintlik maar net een hoofstuk van 'n baie dikker boek wat voor ons lê as die Profetiese Rede nog verder gaan. Baie van die dissipels se tydgenote het dit alles beleef, ja hulle het die hel van Jerusalem beleef, omdat hulle volk 40 jaar vantevore Jesus se lewe hel gemaak het. Tog as Jesus een hoofstuk in Israel se geskiedenis op 'n manier laat afsluit, besef ons dis maar een hoofstuk ... Die dissipels het die dikte van die boek ook heeltemal onderskat! Ons het in die Profetiese Rede te doen met 'n hele klomp ander hoofstukke uit dieselfde boek wat die afsluiting op 'n ander tyd en op 'n ander manier ook na gekyk moet word, maar ook sal ons besef ek lees nie die boek nie, maar die boek wat ons hier van praat lees my ... God se boek, sy Woord wil my elke dag lees ... Is jy werklik waaksaam, is jy werklik voorbereid in wat God met jou wil doen, dit wat Hy vir jou sê, dit wat Hy van jou en my verwag?! Jesus praat as lewende Woord van God, Hy wat vanuit die Bybel met ons praat en dan moet ons die twee ander dele van ons verkondiging vandag juis hieraan verbind. Ons tweede gedagte het ons die vraag gevra:

Hoe moet ek die onbekende van die toekoms sien en hanteer?

Ons kan nie anders daarna wil kyk as hoe Jesus dit aan ons profeteer nie. Daar is die onbekende wat Jesus baie duidelik maak. Markus 13 vers 32 lê hier die klem. *32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.* As Jesus hier in sy volkome mensheid met ons praat dan het Hy wat God is maar ook mens 'n deel wat vir ons sê, selfs Ek, Ek weet nie eers wanneer die dag en die uur sal wees nie. Ook nie die engele nie, hulle wat elke dag vanuit God die wêreld heengaan, hulle wat alle opdragte net van God ontvang, net die opdragte van God uitvoer, selfs ook nie hierdie heilige engele weet wanneer hulle werk op aarde voleindig sal word nie. Daarom sien ons weer die verdieping waarmee ons met die Profetiese Rede moet omgaan, dit wat ons nou al meermale genoem het die meervoudige vervulling van hierdie goddelike profesieë.

Eers maak Jesus in Markus 13 vers 29-30 dit duidelik julle geslag, m.a.w. die geslag waarvan die dissipels deel is, julle sal alreeds al hierdie dinge sien gebeur en dan lewe so baie van julle mense nog. Jesus kan vir hulle in vers 29 ook sê dat as julle *hierdie dinge sien gebeur, dat die tyd naby is, voor die deur.* Jesus sê as't ware die vervulling van My profesie lê vlakby, moet daarvoor nie twyfel nie, dis voor die deur. So antwoord Jesus op 'n baie besondere wyse nie alleen die *tekenvraag* van die dissipels nie, maar ook baie spesifiek hulle *tydsvraag*.

Dis die bekende tussen al die onbekende wat die dissipels duidelik moes hoor. Maar dan moet ons dadelik die verband wyer trek want Jesus maak ook geen geheim van dit wat vir Hom selfs ook 'n geheimenis was nie, nl. wanneer al hierdie dinge dan tot die laaste deeltjie in vervulling gegaan het nie. Vir Christus is die onbekende ook in sy hier-wees op aarde 'n realiteit, hoe kan ons as mense dink daar sal nie ook vir ons 'n onbekende in die die wêreld altyd bly nie?!

Daarom moet ons ook by vers 32 by uitkom- *32 Maar van daardie dag en dié uur weet niemand nie, ook nie die engele in die hemel of die Seun nie, maar net die Vader.* In die bekende wat ons rondom ons sien gebeur, ons sien baie tekens, ons beleef baie van die verval en selfs die verskrikkinge wat die Profetiese Rede ook geen geheim van maak nie. *Die gruwel van verwoesting* wat ons ook hier van lees ... Hoe daar werklik verskriklike verval ook op godsdienstige terrein plaasvind, elke Jan Rap en sy maat wat hulleself die naam van kerk begin toe-eien en geen ware kerk is nie. Dan moet ons ook weet as ek nie ware kerk kan wees nie is dit

ook onmoontlik om die ware Christus te verkondig. Die ware Christus het ons so duidelik gewaarsku teen die baie valse christusse wat daar in die wêreld sal opstaan en voorgee en maak asof hulle net dié christus is. Daar sal selfs wonders en tekens deur sulke mense gedoen sal, maar moet julle nie laat mislei nie, of anders gesê wees op julle hoede, of nog weer anders gesê ek moet waak ... Hierdie lyn van ek moet op my hoede wees, ek moet waak, ek moet my regtig nie laat mislei nie, is dit wat ons aan die einde van die reeks baie goed aan moet vashou. Dis 'n opdrag wat elke keer nog weer na ons terugkom. Jesus het in Matt. 24 dit ook so geprofeteer – vers 11 – *En baie valse profete sal opstaan en baie mense mislei ...* Toe reeds het ons die troos gehad dat hulle veral die uitverkorenes sal probeer mislei, maar dan maak Jesus dit duidelik hulle sal probeer maar hulle sal nie slaag nie ... (Matt. 24:24).

Wat die Here van ons verwag is om te volhard en om waaksaam te wees. Mattheus 24 wat uitgebreid die Profetiese Rede verkondig gebruik die woord om te waak, nie maar net een maal nie. Twee hoofstukke na mekaar onderstreep dieselfde feit - Mattheus 24 vers 42: *42 Waak dan, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie.* En dan net die volgende hoofstuk, Matt. 25 vers 13: *13 Waak dan, omdat julle die dag en die uur nie weet waarop die Seun van die mens kom nie.* Kom u saam met my agter wat Jesus elke keer as 'n duidelike onbekende aan ons voorhou. Ja, ook hoe versigtig ek moet wees, om dit wat as onbekende vir ons nou nog altyd onbekend sal wees, te maak asof ek alles weet en die onbekende nie meer werklik nou nog onbekend is nie.

Dis hoe ek ook die onbekende van die toekoms moet sien en hanteer. Nie anders as wat Jesus ons leer nie. Niemand, geen gewone mens wat kan voorgee dat hy/sy die werklik onbekende, wat selfs vir Jesus as onbekend uitgewys was, te wil opklaar nie. Ons kan seker aanvaar die uur van die finale, die laaste van die laaste dag en datum op hierdie aarde is wel nou nie meer vir Jesus onbekend nie. Ek wil glo ná Jesus se hemelvaart, wat ons nou ook hierdie week gevier het, is dit van die eerste dinge wat die Vader ook toe aan Hom bekend sou maak. Hy ken beslis ook nou die tyd, die laaste uur van alles op aarde, maar vir ons is dit 'n besliste onbekende wat ons eenvoudig heilige respek daarteenoor moet handhaaf. Terwyl ons dit besef is daar tog ook ons laaste gedagte vandag, dit waarmee ons die reeks uit die Profetiese Rede sal afsluit ... Ons vra die vraag:

Is dit regtig alles onbekend of is daar ook dit wat waarlik bekend moet wees?!

Ons gelese Skrifdeel moet hier baie duidelik na vore kom ... Een kant sê Jesus, hoor die imperatiewe, die opdragte so in 'n ry ... *33 Pas op, waak en bid, want julle weet nie wanneer die tyd daar is nie.* En dan vertel Jesus weer 'n besondere kort gelykenis, waar die vyeboom met die versagtende stam verlede Sondag ook so 'n kort gelykenis uit Jesus se Profetiese Rede is. Dis vanuit hierdie gelykenis waar die onbekende tog op 'n besondere manier wel ook die bekende ontmoet. 'n Huisheer gaan op reis, dis iets van die onbekende, waarheen die huisheer gaan reis, hoe lank sy reis sal wees, presies wanneer hy gaan terugkom is nie vir sy mense om te weet nie.

Tog is daar sekere dinge wat hulle moet weet, wat hulle baie goed moet weet, dinge wat hulle moet na kyk, want het die huisheer waar hy sy huis agterlaat nie net opdragte aan sy diensknegte gegee nie, maar lees weer daardie mooi gedagte van hy het aan sy dienaars *volmag* gegee ... Die Bybel Direkte vertaling stel dit – Die huisheer het sy beheer oorgedra ... Die 83-Vertl stel dit ... *Hy het sy huis onder beheer van sy slawe gelaat.* In die Grieks lees ons hier die woord - ἐξουσίαν, afgelei van die woord ἐξουσία wat neerkom op 'n reg wat iemand ontvang om nou in my plek te regeer. Daar is 'n bepaalde beheer wat nou uitgeoefen moet word. Jy kry die krag van gesag om nou iets te moet doen. Of om dit nog verder regstegnies te sien, iets word deel van jou jurisdiksie.

En dan sien ons nog hoe die huisheer in sy reëlings onderskeid maak, fyn onderskei, want sien die huisheer mense met verskillende gawes en talente apart. Die huisheer maak onderskeid in die sin dat hy gee vir elkeen sy werk, ja sy/haar spesifieke taak wat hy/sy dag na dag moet uitvoer. Dan kom daar nog 'n aspek by, dat hierdie huisheer het nie alleen dienaars wat nou getrou moet bly werk en waak nie, maar daar is ook die dienaar wat die huisheer uitsonder as jy moet deurwagter wees ... 'n Deurwagter dra kollektiewe verantwoordelikheid. Ons kan dit vergelyk met 'n sekuriteitsoord in hierdie dae, dink nou maar aan een of ander “estate” of landgoed. Klomp huise bymekaar, elke huishouding is daar apart, elkeen dra eie verantwoordelikheid, maar tog is daar net die een ingang tot die estate. Of daardie een beveiligde ingang tot jou plaashuis ... Daar moet almal in en uit. Daar is die ingang wat beheer moet uitoefen wie hier mag inkom en hoe daar hier uitbeweeg word. Sulke mense is ook eintlik maar “deurwagters”.

Geliefdes, dit alles nou toegepas is nie moeilik om te verstaan nie. As Jesus met die gelykenis die slot van sy Profetiese Rede aandui, dan moet die dissipels wat vir Jesus hierdie vroeë rondom die Profetiese Rede begin vroeë het, nou hulle eie plek insien. In die onbekende wat wel voorlê moet hulle nie vir 'n oomblik die bekende, ja baie bekende opdragte van Jesus vergeet nie. *Pas op, waak en bid ...* Jesus gee aan hulle die ἐξουσία die volmag om nou te handel in belang van en in opdrag van Hom wat die Christus is. Julle dissipels gaan word apostels, julle moet wees die deurwagters en sonder om nou uitgebreid verder hieroor te probeer wees weet ons die apostels was 'n eenmalige amp maar hulle leer, die taak, die opdragte wat weer vanuit hulle kom, waar daar weer verder gebou moet word op die leer van die apostels is waar die ouderlinge (die episkopos en die presbiters) ter sprake kom. En vandaar werk dit alles deur na almal in die Kerk van die Here. Dis hoe Jesus sy Profetiese Rede afsluit, Markus 13 vers 37 is so direk, so omvattend, so veelseggend- *37 En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Waak!*

Ons kan nie anders as om hierdie reeks uit die Profetiese Rede af te sluit, anders as om ook maar net hierdie een woord te gebruik ... WAAK! Dis 'n woord wat so baie sê en dit staan so direk. Hiermee saam vertel Jesus nie verniet ook vanuit sy Profetiese Rede 'n hele aantal waaksaamheidsgelykenisse nie, veral as ons Mattheus dan nou ook saamvat. Die gelykenisse van die diensknegte, ja die getroue en ontroue slawe, die gelykenis van die tien meisies of ook genoem die tien maagde, die gelykenis van die muntstukke of talente, die gelykenis van die skape en die bokke.

By al hierdie gelykenisse loop daar beslis een sentrale tema – jy moet waak wat insluit ek en jy moet wakker wees, ons moet op die regte manier wakker wees. Wees nie alleen wakker nie, maar wees ook 'n wagter. Waak oor jou eie lewe, maar ook oor die van ander. Steeds hierby ingesluit, 'n waaksame wagter is altyd nugter. Hy/sy weet wat in die wêreld aan die gang is, maar wat ook tans in die kerke aan die gang is. So een lees nie alleen net die tye nie, maar lees ook die tekens van die tye.

Die Profetiese Rede is die uiteindelijke alfabet hoe ek en jy hierdie leeswerk moet doen. Die tekenvroeë en tydsvroeë van ons tyd, bring by so een nugtere balans. Ons gaan nie daarmee ooploop gaan nie, want ons verstaan dat as Jesus sê sekere dinge gaan gou gebeur, nog in hierdie geslag,

dan gebeur dit, maar sekere dinge gebeur nie onmiddellik nie. Ja, die werklike tydsvraag van die nou is nou al meer as 2000 jaar later, steeds wag ons op die finale, die huisheer, ja die Here van ons huis, ja die Here van ons kerk, het gesê julle moet waak - *35 Waak dan, want julle weet nie wanneer die eienaar van die huis kom nie: in die aand of middernag of met die haangekraai of vroeg in die môre nie ...*

Kom u saam met my agter, in die onbekende van dit wat ons ook tans beleef, so baie, so onbekend. Ons weet nie of die Here se finale koms dalk ook nou binnekort gaan wees nie, dalk eers nog 'n 1000 jaar wat moet verloop, niemand weet nie. Tog in die totaal onbekende, selfs in die onbekende van dit wat 'n virus nog oor hierdie wêreld gaan bring, hoeveel gaan werklik sterf?! Ons weet nie ... Ons beleef wel weer iets van 'n verdrukking, ons sien die lyn wat met 'n gruwel van verwoesting kan verband hou, maar of dit die laaste gaan wees en of daar nog weer baie soortgelyke gaan gebeur, voor die werklike laaste groot verdrukking, ons weet nie. Tog weet ons, ons Here het dit vir ons gesê julle moet julle nie laat mislei nie, pas op vir die misleiers, wees op julle hoede, ons Here het vir ons gesê as daar gevlug moet word, moet julle vlug, maar steeds hou ons nie op om te bid en te waak nie. Die laaste wat die Here in hierdie Rede van Hom sê – dan sê Hy dit so uitdruklik, laat dit vir ons bekend wees - *Ek sê vir almal: Waak!*

AMEN